Laerskool Unika
60 1960–2020 LAERSKOOL UNIKA
Abbotweg, Robindale, Randburg 2194, Privaatsak X6, Pinegowrie 2123
Tel: 011 888 4556, Faks: 011 888 1363 of 086 617 7651, unika@unika.co.za, www.unika.co.za

31 JANUARIE 2020, KWARTAAL 1, UITGAWE 04

## 1. UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Dit is die eerste keer in Unika se geskiedenis dat die **<u>spreekkore</u>** deurdring na die NEA-awards! **<u>Unika is ongelooflik trots</u>** op die gr.3 en gr.6 spreekkore van 2019 wat deurgedring het na die eerste rondte van die NEA-awards. Jul harde werk is beloon! Inligting sal aan leerders deurgegee word.



Die **RTT en Robotika**-klasse is in die Interimfase. Leerders geniet dit ongelooflik baie en is in ekstase oor hul "Bluebots" wat alreeds noemname gegee is. Unika sien uit na die ontwikkeling van die program en is opgewonde oor die resultate!

Die **<u>prestige byeenkoms</u>** wat op 28 Januarie plaasgevind het, was 'n groot sukses! Dankie aan elke ouer en personeellid wat hulle tyd opgeoffer het om deel te wees van die dag en om ons atlete te ondersteun. **Welgedaan** aan al die Unika-atlete wat deelgeneem het. Julle is sterre!

**<u>Baie geluk</u>** aan die **swemspan** wat eerste plek uit 4 skole behaal het by die swemgala wat op Vrydag, 31 Januarie plaasgevind het. Dankie aan elke swemmer en ouer wat hierdie middag bygewoon het. Unika is baie trots op julle!

**<u>Baie geluk</u>** aan beide die **tennis**seuns– en dogters wat ver gewen het teen onderskeidelik Crawford Sandton en Heronbridge! Unika is baie trots op julle!

**<u>Sterkte</u>** aan al die sportbyeenkomste en aktiwiteite vir die week. Geniet dit en hou Unika se naam hoog!

Ons wens me. **Elené van Wyk alle sterkte** toe en spoedige beterskap. Die Unika familie dink aan haar en sien uit om haar weer op die been te hê.

Graag rig ek 'n vriendelike versoek aan al ons ouers om **<u>"My School"</u>**- projek te ondersteun. Dit behels geen koste vir u nie, maar tog kan Unika fondse genereer deurdat u net "My School"- kaart "swipe" by Woolworths. Sien al die inligting onder by punt nr. 20. Groot waardering vir u ondersteuning.

Die gr. 7-groep van 2019 het as geskenk vir die skool, die area by Kenneth se hek (hoofhek by die vierkant) mooi gemaak en stoele en bankies geskenk. Graag vra Unika se bestuur dat die **<u>gr.3-7-ouers</u>** wat vroeg by die skool is om leerders op te laai, **<u>nie die terrein betree nie</u>** en eerder op die bankies gaan sit **<u>tot 13:30</u>** wanneer die skool uitkom. Akademiese klasse word gehou tot 13:30 en word geweldig ontwrig deur die beweging en stemme van ouers op die stoepe. Die **<u>gr.R-2-ouers</u>** word ook asb. versoek om so vinnig en sag as moontlik die terrein te verlaat teen 13:10. Neem asb. kennis dat hierdie versoek ook aan **hoërskoolleerders** is wat veral op Vrydae rondbeweeg op die terrein. Ons, as bestuur, vra baie mooi om die versoek te respekteer en waardeer u samewerking.

Neem asb. kennis dat **vanaf Maandag, 3 Februarie 2020, die eerste klok alreeds om 07:25** sal lui vir leerders om aan te tree. Leerders beweeg dan na hul klasse om teen 07:30 met akademieprogram te begin.

Skooltye:

| | | |
|---|---|---|
| Graad R tot graad 2 | : | 07:30 tot 13:05 |
| Graad 3 tot graad 7 | : | 07:30 tot 13:30 |

## 2. UNIKA-GHOLFDAG

Neem asb. kennis van die briewe wat uitgedeel is aan leerders op Donderdag, 30 Januarie:

60 1960–2020 LAERSKOOL UNIKA

Laerskool Unika

Abbotweg, Robindale, Randburg 2194, Privaatsak X6, Pinegowrie 2123
Tel: 011 888 4556, Faks: 011 888 1363 of 086 617 7651, unika@unika.co.za, www.unika.co.za

30 Januarie 2020

Beste Ouers/Voogde

**FEESJAAR 2020: GHOLFDAG, 25 FEBRUARIE 2020.**

Die gholfkomitee wil 'n vriendelike versoek tot elke ouer van Laerskool Unika rig om ons Feesjaar 2020 se gholfdag te ondersteun.

Indien u uself beskikbaar kan stel of weet van 'n maatskappy, vriend of familielid ens. wat bereid sal wees om as hoofborg op te tree, kan u asb. direk met me. Denise Fouchee kontak maak by denise.fouchee@unika.co.za.

U is meer as welkom om die aandfunksie na die dag by te woon en heerlik saam te kuier teen R250 p.p. wat 'n ete insluit.

Die borge sluit die volgende in:

*1) **Diamantpakket**: R50,000. Hierdie is die hoofborg van die gholfdag. Slegs 1 diamantpakket is beskikbaar.*

*a. Die dag sal bekend staan en bemark word as die "Unika + Borgmaatskappy se naam Gholfdag."*

*b. Die diamantborg adverteer by registrasie en die maatskappy se naam sal op alle korrespondensie verskyn asook op die geskenkpakkies.*

*c. 2 x 4 Balle en 2 x watergate ingesluit.*

*d. Advertensie vir 4 weke in Unika se nuusblad.*

*2) **Platinumpakket**: R25,000. Slegs 1 platinumpakket is beskikbaar.*

*a. Advertensies om die halfweghuis.*

*b. 2 x 4 Balle en 2 x putjies.*

*c. Advertensie vir 3 weke in Unika se nuusblad.*

Ons is ook dringend opsoek na goeie pryse om die aand aan die 10 beste plekke te oorhandig. Verkieslik 2 pryse van dieselfde item, aangesien die kompetisie daarvolgens opgestel word.

U kan die pryse voor of op Woensdag, 05 Februarie 2020 by u kind se klasonderwyser/es inhandig. Indien u enige navrae rakende die pryse het, kontak asb. vir me. Denise Fouchee (denise.fouchee@unika.co.za) of mnr. Christo van Zyl (Christo.vanzyl@unika.co.za).

Ons wil net die nodige inligting aan u deurgee rakende die Feesjaar: Fondsinsamelingsprojekte van 2020. Die doel van alle fondsinsamelingsprojekte vorm deel van die skool se begrote inkomste ten einde die skoolfonds so laag as moontlik te hou.

By voorbaat, baie dankie vir u volgehoue ondersteuning en hulp. Dit word opreg waardeer.

Groete.

| | |
|---|---|
| Dr. E. Venter | Mnr. Christo van Zyl |
| Skoolhoof | Gholforganiseerder |

## 3. RUGBY-EN NETBALFONDSINSAMELING

Ons nooi alle ouers uit om die netbal-fondsinsameling op **5 Feb.** en die rugby-fondsinsameling op **13 Feb.** om 17:30 te ondersteun. Die 0/13-rugbyseuns en netbaldogters sal die kelners van Spur, Ferndale on Republic, ondersteun en help gedurende die aand om sodoende geld in te samel vir hul skool se rugby- en netbaltoer. Ons vra dat elke ouer asseblief hul ondersteuning sal kom wys. Indien daar ouers is wat nie die aand sal kan bywoon nie, maar graag 'n donasies wil skenk, is julle welkom om vir me. Nikita van Heusden of mnr. Stian van Dyk te e-pos.
Dagboek solank die datum. Ons hoop om julle daar te sien!

## 4. LEESSENTRUM

Ekstra leesklasse begin op Maandag, 27 Januarie 2020.
Slegs die leerders wat geïdentifiseer is deur die taalonderwysers, sal 'n brief ontvang om die ekstra leesklasse by te woon.
Die ekstra leesklasse is vrywillig en behels geen kostes nie.
Enige navrae kan direk gestuur word na me. Marzanne Koch.
Die volgende dae en tye sal ook op die brief aangedui word:

| | | |
|---|---|---|
| Maandae | Graad 1 tot 3 | 13:45 tot 15:00 |
| Dinsdae | Graad 4 en 5 | 13:45 tot 15:00 |
| Woensdae | Graad 6 en 7 | 13:45 tot 15:00 |

**NEEM ASB. KENNIS** dat daar geen ekstra leesklasse sal wees op Maandag, 3 Feb. nie.

## 5. MEDIASENTRUM

Mediasentrum open Maandag, 3 Februarie en sal elke eerste en tweede pouse oop wees om boeke uit te neem. Laat toe dat die lees-gogga jou byt en ontdek die vreugde van 'n interessante boek!

## 6. BOEKBUDDIES – DINSDAG, 11 FEBRUARIE

Boekbuddies is terug! Ons kan nie wag vir hierdie jaar se vertoning nie. Dinsdag, 11 Februarie kan leerders soos enige boekkarakter aantrek. Wees asseblief kreatief. Moenie onnodige geld spandeer nie. Gebruik eerder goed wat by die huis rondlê. Tuisgemaakte kostuums het soveel meer karakter!

## 7. TOETSROOSTER: EERSTE KWARTAAL 2020

| Datum | Graad 4 | Graad 5 | Graad 6 | Graad 7 |
|---|---|---|---|---|
| Vrydag 21 Feb. | SW: Geskiedenis | SW: Geskiedenis | SW: Geskiedenis | NW |
| Dinsdag 25 Feb. | | | | |
| Vrydag 28 Feb. | SW: Geografie | SW: Geografie | SW: Geografie | SW: Gesk. & Geo. |
| Dinsdag 3 Maart | | | | Tegnologie |
| Vrydag 6 Maart | NWT | NWT | NWT | EBW |

**REëLINGS:**

- Afbakening word 'n week voor die tyd skriftelik aan die leerders gegee (graad 4-6 en graad 7's skryf afbakening af). Dit verskyn ook op die webtuiste, **slegs** vir graad 4-6.
- Vir navrae aangaande toets - kontak eers vakonderwyser, daarna DPS.
- Indien u nog enige verdere navrae het, kontak adjunkhoof en hoof.

## 8. INTERNE-REDENAARS 2020

Unika wil graag die deelname aan kultuuraktiwiteite verhoog, dus het die kultuurkomitee besluit om die volgende stappe te neem:

Laerskool Unika gaan in kwartaal 1 gebruik maak van die ATKV se temas vir toesprake as fondasie vir die redenaars. Redenaars begin hierdie jaar in die klaskamer, waar alle leerders (gr.2 tot gr.7) volgens die temas op skoolvlak sal deelneem. Leerders sal nie akademies benadeel word nie aangesien die puntetoekenning soos vorige jare geskied en die rubriek dieselfde is met slegs een of twee klein aanpassings (sien d6 vir die rubriek).

Daarna word leerders geïdentifiseer om as individu hul onderskeie spanne (wit, geel en blou) te verteenwoordig by die interne-redenaars wat ook as die inter-redenaars dien. Hierdie leerders sal 'n brief ontvang. Die span met die hoogste punte wen die inter-redenaars. Daar word per graad 'n seun- en dogterwenner aangewys.

Die skool skryf die 12 leerders met die hoogste punte tydens die interne-redenaars in om die skool by die ATKV-redenaars te verteenwoordig.

Hierdie 12 leerders kry 'n afrondingskursus wat deur die skool gereël word.

Enige gr. 1-leerder wat belangstel in die redenaars, se ouers is welkom om me. Maritza te kontak by maritza.nell@unika.co.za. Geen leerder sal die geleentheid vir deelname ontneem word nie.

Die interne-redenaars vind vroeg in Maart plaas, hou gerus die d6 dop vir verdere kommunikasie in die verband.

Temas:

Graad 1 tot 3: Kaalvoet / Wonder / Fees

Graad 4 en 5: Voetspore / Voel / Letters

Graad 6 en 7: Toekoms / Liefhê / Afronding

## 9. NEA – AWARDS 2020

NEA -awards eerste rondte inskrywings is oop.
Alle leerders wat diplomas ontvang het vir items (uitsluitend improvisasie) kan nou inskryf vir die eerste rondte van die NEA-awards wat plaasvind 17 Feb. - 11 Maart 2020.
Gaan na www.eistedfod .co.za Volg die skakel: Young Performers Awards
Gebruikerskode 65
Wagwood ykvvy-rk
Kostes en betaalmetodes is aanlyn beskikbaar by die inskrywings.
Early bird-inskrywings sluit 2 Februarie 2020.
Aanlyn normale fooi, 9 Februarie 2020.
Kontak juffrou Maritza Nell vir enige verdere navrae by Maritza.nell@unika.co.za

## 10. BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Neem asb. kennis dat die eerste kwartaalprogram en die buitemuurse aktiwiteite op **d6 beskikbaar** is.

## 11. KOOR

**Seniorkooroefening** op Donderdae 14:00 – 15:00.
**Juniorkooroefening** op Donderdae 12:55 – 13:55.

## 12. SKAAK

Skaak begin op **Woensdag, 5 Februarie 2020**.
Beginners: 16:00 – 17:00
Gevorderde skaak: 17:00 – 18:00



Skaakoefeninge is hierdie jaar op 'n **Woensdag** in die mediasentrum (al reën dit).
Almal is welkom wat skaak wil speel.
Al wat jy hoef te doen, is om op te daag met jou slim brein.

## 13. SWEM

Die volgende swemgala vind plaas op Vrydag, 7 Februarie by Randpark Primary. Alle swembesonderhede is op d6 beskikbaar (Nov. 2019).

## 14. TENNIS

**Woensdag, 5 Februarie:** – Dogters teen Fairland A – WEG
**Donderdag, 6 Februarie**: – Seuns teen Trinity Randpark B – WEG

## 15. ATLETIEK

**Belangrike atletiekdatums:**
Alle datums is op die d6/Kalender beskikbaar.

| | |
|---|---|
| Vrydag, 07 Feb. | Cluster-byeenkoms te Ruimsig Stadion |
| *Saterdag*, 08 Feb. | Top 20 te Ruimsig |
| Saterdag, 15 Feb. | D10-Kampioenskap te Ruimsig |
| 6 en 7 Mrt. | Gauteng-Kampioenskap te Ruimsig |
| 26-28 Mrt. | SA-Kampioenskap te KZN |

## 16. 7 FEBRUARIE – ATLETIEK (GEEN AKADEMIESE WERK)

Neem asb. kennis van **Vrydag, 7 Februarie** se Cluster-byeenkoms by Ruimsig-stadion. Dit is slegs vir die atlete wat deurgedring het. Onthou asb. dat die skool op die dag oop sal wees, maar dat geen akademiese program gevolg sal word nie. Slegs die atlete gaan deelneem (atlete sal briewe ontvang). Daar sal wel toesig by die skool wees tot en met 13:30. Naskool gaan normaal voort. Baie geluk aan al ons atlete wat so pragtig presteer het met die afgelope 3 byeenkomste. Ons is trots op hulle prestasies.
Naskool gaan normaal voort.

## 17. VALENTYNSMARK – 14 FEBRUARIE

Bring 'n sakgeldjie saam en kom ondersteun die stalletjies by die Valentynsmark op Vrydag, 14 Februarie. Dit beloof om 'n feestelike geleentheid te wees.

## 18. FEESJAAR 2020: MUNTLEGGING

Laerskool Unika het baie jare gelede 'n muntlegging gehou. Die feesjaarkomitee het dit goed gedink om hierdie feestelike jaar af te skop met 'n muntlegging wat gehou sal word op *Donderdag, 20 Februarie 2020* vir die begin van ons feesjaaraktiwiteite.

Net 'n vriendelike versoek dat al die leerders van gr. R tot 7 solank al hul blink geldjies (R5, R2 en R1) spaar en dié oggend saambring waar ons Unika se feesjaarwapen gaan vul met die munte.

## 19. VALENTYNSDANS – Gr. 6 & 7



**VALENTYNSDANS 2020**



Alle graad 6 & 7 leerders:
Maak reg vir die funksie van die jaar, op Vrydag, 14 Februarie 2020.
Spaar jou sakgeldjies, want meer inligting sal volg.

## 20. MySchool

"MySchool card" is 'n manier om die skool finansieel te ondersteun en al wat dit ouers gaan kos, is 'n bietjie tyd. Ons sal dit opreg waardeer dat u sal aansluit. U kaart kan by die volgende plekke gebruik word:

Gebruik die volgende webtuiste om die aansoekvorm te voltooi.

branded_application_form_afrikaans-96 [2018-08-28T10_20_23+0200].pdf

Stuur dit asseblief so gou as moontlik terug na juffrou Kobi Alberts of kontak haar gerus by kobi.viljoen@unika.co.za.

## 21. DISSIPLINE-BELONINGSTELSEL

Dissipline is baie belangrik en ons herinner u dat Unika dit goedgedink het om 'n ernstige dissiplinestelsel te implementeer. Die stelsel is voluit in werking. Ons waardeer u samewerking en glo dat u as ouer saamstem dat dissipline gehandhaaf moet word.

Besonderhede soos volg:

**Dissipline-beloningstelsel 2020**

**Positiewe (ontvang 'n Unika-knopie):**

1. Netheid (+1)
   - Klaswerk
   - Voorkoms
2. Respek (+1)
   - Maats
   - Personeel
   - Besoekers
   - Stiptelikheid
3. Opreg (+1)
   - Eerlikheid
   - Bedagsaamheid
   - Hulpvaardigheid
4. Maniere (+1)
   - Gehoorsaamheid
5. Trots
   - Moet vier knopies hê om 'n Unika-Trotsknopie te kry.

**Negatiewe:**

**Algemene oortredings:**

1. Huiswerk en taakopdragte -1
2. Laatkom – Departementele vereiste -1
3. Voorkoms -1
4. Kru-taal -2
5. Arrogante en onbeskofte optrede -2
6. Ontwrigting van klas -2

**Ernstige oortredings:**

7. Bakleiery -3
8. Diefstal -3
9. Oneerlikheid – toetse en eksamen -3
10. Vandalisme -3

**Gevolge van negatiewe punte:**

Indien 'n leerder enige negatiewe punte vir die week ontvang het, kom die leerder nie in aanmerking vir die knopies nie.

**1. Negatiewe punte (Algemene oortredings: 1-6):**

- 10 Punte: Leerder ontvang 'n brief waarin die ouers in kennis gestel word van gedragsprobleme.
- 20 Punte: Leerder ontvang 'n geel brief. Daar word 'n onderhoud gereël deur die graadvoog en betrokke personeel.

- 30 Punte: Leerder ontvang 'n rooi brief. Onderhoud word gereël met die hoof.
- 50 Punte: Leerder mag nie die opvoedkundige toere bywoon nie / gr. 7-leerder word ook nie toegelaat om die gr.7-afskeid by te woon nie.
- Meer as 50 punte:
- **Moontlike skorsing vir 'n week, waartydens die leerder berading moet kry en die ouers bewyse van die berading moet lewer. Moet toestemming by die departement kry voor enige leerder geskors kan word.**

**2. Negatiewe punte (Ernstige oortredings: 7-10):**

- 3 Punte – Leerder ontvang 'n geel brief. Onderhoud word deur die graadvoog en betrokke personeel gereël.
- 6 Punte – Leerder ontvang 'n rooi brief. Onderhoud word met die hoof gereël.
- 9 Punte – Leerder mag nie die opvoedkundige toer bywoon nie. Gr. 7-leerder mag ook nie die gr.7-afskeid bywoon nie.
- Meer as 9 punte – **Moontlike skorsing vir 'n week, waartydens die leerder berading moet kry en die ouers bewyse van die berading moet lewer. Moet toestemming by die departement kry voor enige leerder geskors kan word.**

## 22. KOSBLIKWENKE

"Kosblik" is 'n gevreesde woord vir 'n mamma. Nie alleen is die voorbereiding van kosblikke 'n uitdaging nie, maar ook die "terugkeer" van kosblikke vanaf die skool bly 'n groot kopseer. Hier volg 'n paar wenke om hierdie "nagmerrie" in 'n "soete droom" te omskep.



- Beplan vooruit.
- Bepaal vir hoeveel etes hierdie kosblik voorsiening moet maak, bv. pak ook genoeg kos in vir buitemuurse aktiwiteite.
- Koop 'n kosblik met verskillende kompartemente. Sorg ook dat die deksel dig sluit, en maklik afgehaal kan word.
- Skaf 'n koelhouer aan waarin die kosblik gebêre kan word. Tasse staan partykeer vir lang periodes in die son.
- Pak kos in wat jou kind eet. Moenie nou probeer om jou kind aan nuwe smake bekend te stel nie. Los dit vir 'n vakansie. Smeer jou kind se gunsteling smeer op, al is dit tamatiesous saam met appelkooskonfyt (gril…).
- Pak kos in wat soveel as moontlik voedselgroepe insluit.
- Proteïene, koolhidrate en vrugte is altyd goeie keuses. Twee snytjies brood vir 'n hele dag is te min!
- Maak seker dat gesnyde vrugte nie tussen die brood beland nie. Niemand hou van "gekrummelde-lemoenskyfie-stroop-broodjies" nie.
- Vermy rys, 2-minuut noedels, pampoen en oorskiet aandetes. Leerders eet dit nie. Juffrou het nie die fasiliteite om dit op te warm nie. Dikwels bly die eetgerei by die huis.
- Hou porsies klein.
- Vermy gaskoeldranke. Proppe skiet af en loop uit tussen die duur leesboeke, mooi werkboeke en heerlike kaasbroodjies. Water is die beter keuse!
- As jogurt ingepak word moet 'n lepeltjie saamgestuur word.
- MERK, MERK en MERK die kosblik, waterbottel en kossakkie goed, en jou kind moet weet waar jy dit gemerk het.
- Maak vrede dat jy ten minste vyf kosblikke in die jaar gaan vervang.

Sterkte vir die nuwe skooljaar. Geniet die tyd saam met jou kind en voorspoed met die beplanning en pak van ongeveer 200 kosblikke wat voorlê.




We are specialists in Building alterations, Revamping Bathrooms and Kitchens,
Painting, Roof repairs, Paving, Rhino light, Tiling/cladding, Water and
Damp proofing, Ceilings and ceiling repairs, Small electrical work,
Plumbing, Carpentry and door repairs or replacement.



## CONTACT US

**Joanie Brussow**
067 648 4275

**Nicoline Smith**
072 099 9526

111 Oak Avenue
Robindale, Randburg

secret.slimmingspa@gmail.com

# SECRET

European Slimming Technology & Spa



**TRADING HOURS : MON - SAT : 09:00-17:00, SUN: ON REQUEST | BY APPOINTMENTS ONLY**










## TREATMENTS AND PRODUCTS

- NON-INVASIVE LIPOSUCTION
- CELLULITE REDUCTION
- SECOND CHIN REDUCTION
- NON-SURGICAL BREAST LIFTS
- FACIALS & BACK FACIALS
- HEALTHY EATING PLANS
- SECRET SLIMMING CAPSULES
- STOCKIST OF ANNIQUE





Annique
HEALTH AND BEAUTY



## Keymen Finansiële Dienste

Ons bied professionele en betroubare, uitgekontrakteerde boekhoudienste, rekeningkundige dienste en "Payroll" dienste
vir enige grootte besigheid.

Dit sluit ook die berekening en indiening van alle SARS opgawes (BTW & LBS) en Ongevalle Kommissaris in.

Ons kan ook help met die aankoop, installering, opstel en opleiding van:
**Pastel Accounting** en **Pastel Payroll**.

**Skakel: Annemie Mentz - 082 379 8620**
**E-posadres: annemie@keymen.co.za**

# Handwerkklasse 2020 kwartaal 1

Wees kreatief en leer hoe om iets nuuts te maak.



Wanneer: Donderdae
14:00-15:00 - beginners
15:00-16:00 – leerders het voorheen naaldwerk gedoen
(eerste klas 6 Februarie)

Koste: R450 vir 6 klasse van 1 uur elk.
*Alle materiaal word voorsien.
*Beperkte plekke beskikbaar.

Plek: LS Unika kamer 27

Belangstelling of navrae, kontak: charlotte.otto@unika.co.za

Goeie, betroubare huishulp beskikbaar vir elke dag / inwoon. Kontak Lorna direk by 064 627 1567 en vir verwysing kontak gerus me. Annemarie Kirsten by 082 928 5209.

Unika sê dankie!

Na 12 jaar is ons baie trots en opgewonde oor ons splinternuwe personeelkamer. Dit is nie net ons personeel se vergaderingslokaal nie, maar ook 'n plek vir hulle om te ontspan en rustig koffie saam te drink so tussendeur skoolhou, buitemuurs en nasien.

Al die is begin en moontlik gemaak deur 'n jarelange vriend en ouer van Laerskool Unika en ons wil vandag vir Eugene Coetzee uit ons harte uit dankie sê. Dankie vir jou raad, opinie en passie wat jy ingesit het. Jy het regtig uit jou pad gegaan en Unika se personeel is trots en dankbaar vir hulle nuwe rusplek.
Baie dankie ook aan die volgende vriende wat ingespring en gehelp het.

**Eugene Coetzee & Associates**
Kontak Besonderhede:
Cell: 0728076482
Epos: eugene@ecaa.co.za

**GB Electrical**
Kontak Besonderhede:
Cell: 0663811232
Epos: info@gbelectrical.co.za
website: gbelectrical.co.za

**GS Projects**
Kontak Besonderhede:
Cell: 0824167681
Epos: grant@gsprojects.org

"AFTER"



"BEFORE"



# REIK NA DIE STERRE




# HOËRSKOOL RANDBURG
# GR 7 INLIGTINGSAAND

**DATUMS: Maandag, 17 Februarie Of Dinsdag, 18 Februarie 2020**

**PLEK: Hoërskool Randburg Skoolsaal vanaf 18:30 tot 19:30**

**R.S.V.P. voor 10 Februarie 2020**

**Gebruik een van hierdie skakels om te R.S.V.P.:**

http://bit.ly/RB2021GR8 of



# SARA LOUW
## HIERDIE VROU!

WANT DAAR'S GOEIE GROND
IN ELKEEN VAN ONS

STORIEVERTELLING
DEUR
MARIKA VAN HEERDEN

14 MAART 2020
10:00AM
NG LINDENPARK
HV CENTRAL + BRAM FISCHER
R150,00 PP
KAARTJIES:
CHRISTA- 0834089336